

27 Januarie

Eksodus 19:1-8

(Teks: 19:4, 5)

Christen - gesalf tot priester

Volgens Eksodus 19 het God Israel verlos met die doel dat hulle 'n koninkryk van priesters moes wees.

Wat is 'n priester? Dit is iemand wat afgesonder is om sy hele lewe lank by die tempel diens te doen en daarom die voorreg het om elke oomblik in die teenwoordigheid van die almagtige, heilige God te mag wees om Hom te dien. Dit is 'n geweldige groot voorreg, maar ook 'n groot verantwoordelikheid, omdat van die priester absolute stiptelikheid verwag word.

Van die skepping af was dit reeds die wil van God dat die mens priesters moes wees wat in sy teenwoordigheid lewe, Hom dag en nag dien, en sy wil stiptelik uitvoer. Deur die sonde het die mens egter sy rug op God gedraai en opgehou om Hom te dien. Die mense het priesters van die duiwel geword.

Genadiglik het Jesus Christus, ons groot Hoëpriester, ons weer met God versoen en die oorspronklike band kom herstel. Nou kan en moet ons weer priesters van God wees wat Hom met ons hele lewe dien. Elke gelowige is geroep en toegerus deur die Heilige Gees om die wil van God stiptelik te kan nakom. Elke verlose mens kan sy hele lewe aan God toewy as 'n lewende dankoffer en Hom voortdurend verheerlik in sy lewe. Alles wat ons doen kan en moet op Hom en sy eer gerig wees.

Om priesters van die allerhoogste God te wees, is 'n wonderlike voorreg. Terselfdertyd is dit ook 'n geweldige opdrag - 'n opdrag wat ons kan uitvoer omdat ons verlos is en deur God self daarvoor toegerus is deur die salwing met die Heilige Gees.

Sing Psalm 116:9,10

Ds. H.B. Hattingh (Amanzimtoti)